# OMGEE NUUS

## SONDAG 1 JUNIE 2025

| Eredienste | |
|---|---|
| **09:00 Erediens Doop**<br>**Liturg:** Ds Gerhard Meyer<br>**Teks:** Efesiërs 1: 15-23 (2020 vertaling)<br>**Tema:** Jesus is Heer<br><br>**18:00 Aanddiens KLEINKERK**<br>**Liturg:** Ds Gerhard Meyer<br>**Teks:** Efesiërs 1: 15-23 (2020 vertaling)<br>**Tema:** Jesus is Heer<br><br>**JEUG**<br><br>**09:00 Kleuterkerk (3-6 jariges) - Gemeentesentrum**<br>**Aanbieder:** Carin<br>**Tema:** God roep jou al is jy klein<br><br>**09:00 Kinderkerk (Gr 1 – 3) – Kleinkerk**<br>**Aanbieder:** Lisa Lombaard<br>**Tema:** Jesus se kruisinging – verskeie teksgedeeltes<br>**10:00 JOG (Gr 4 – 7) – Kleinkerk**<br>**Aanbieder:** Lisa Lombaard<br>**Tema:** Jesus se kruisinging – verskeie teksgedeeltes<br><br>**10:00 TvC (Gr 8 – 10) – Kerkgebou**<br>**Aanbieder:** Ds Gerhard Meyer<br>**Tema:** Simson – Afdraaipad word doodloopstraat (Rigters 13:5 & 16:27-30)<br><br>**10:00 Belydenis groep (Gr 11) – Lokaal 1**<br>**Aanbieder:** Ds Gerhard Meyer<br>**Tema:** Apostoliese Geloofsbelydenis | **DIE KOMENDE WEEK…**<br>**<u>Maandag 2 Junie tot Donderdag 5 Junie</u>**<br>**Pinksterdienste: 15:00 en 18:00**<br>**KLEINKERK**<br><br>**Kinderpinkster: 18:00 - Kerkgebou**<br><br>**SONDAG 8 JUNIE**<br><br>**09:00 Erediens - Pinksterfees**<br>**Liturg:** Ds Leon Oosthuizen<br>**Die Heilige Gees woon in ons**<br><br>**16:00 Jubilate Pinksterdiens**<br>Ons vier die gawes wat die Heilige Gees aan ons skenk deur musiek, samesang en voorlesings.<br>Toegang gratis, kollekte sal by die deure opgeneem word.<br><br>**JEUG**<br>**09:00 – Kleuterkerk – lokaal 2**<br>**09:00 – Kinderkerk – Kleinkerk**<br>**10:00 – JOG – Kleinkerk**<br>**10:00 – TvC – Kerkgebou**<br>**10:00 – Belydenisklas – Lokaal 1**<br><br>**Sinodale kollekte:-** 10% van ons kollekte, van vandag, word bygedra tot **Die Helpmekaar Vrystaat Beursfonds.** |

## DOOP

***Caleb Claude Nel,*** *seun van Justin en Carika Nel.*
***Alieke Tolken,*** *dogter van Dirk en Estelee Tolken.*

## Lief en Leed

**Verjaarsdae 80 en ouer:**
Venetea Maass, Toskana, verjaar 2 Junie
Louisa du Plessis, Stellenryk Aftree-oord, verjaar 6 Junie

## Nuwe lidmate

Baie welkom aan nuwe lidmate wat by ons gemeente inskakel. Ons wil graag van jou weet en vir jou kom kuier!
Meld by die kerkkantoor aan na die diens, waar jy 'n vorm kan voltooi sodat ons jou inligting op ons databasis kan stoor of stuur 'n epos na ngklhp@mweb.co.za om 'n vorm te ontvang.

**LIDMAATSKAP BEWYSE ONTVANG**
**Belydende lidmate:**
Jorinda Suné Liebetrau (nou Claassen) van Studente gemeente (Kopanong)

## POEDINGTAFEL – KERMIS

24 September hou ons weer Kermis en wil ons verseker dat daar weer heerlike poedings te koop gaan wees.
Ons benodig mense wat kan help met die maak van poedings – warm of koud. Gee solank jou naam en nommer by die kerkkantoor op of kontak Henk 0843821967 as jy 'n lekker poeding gaan maak.

## AKSIE AFGETREDENES

DINSDAG 3 JUNIE 10:00 – KLEINKERK
Kom verdryf die winter koue met
**VAT 5 SOP EN SJERRIE**
Kom kuier lekker saam,
Alle afgetredenes welkom.

## AKSIE OLYFTAK

DINSDAG 10 Junie 10:00 – Kleinkerk
Kom maak van die dienste gebruik soos bloeddrukmeting en suikertoetsing, voetsorg ens.
Kom drink saam tee en verkeer gesellig saam.
Indien u vervoer benodig, kontak die kerkkantoor.

## JEUG KAMP FONDSINSAMELING

## KOEK EN TERT TE KOOP VANDAG NA DIE DIENS

Kom drink 'n gratis koppie tee of koffie en koop iets lekker om te eet of saam te neem huistoe.

**ONTHOU OM GELD SAAM TE BRING OM HULLE TE ONDERSTEUN**

**(Kaart fasiliteite is ook beskikbaar)**



## PINKSTER INSAMELING

Tydens Pinkster samel ons produkte en komberse in om te versprei na verskeie organisasies.
Die komberse word spesifiek ingesamel vir ENGO se "Koue Nag" projek.

**MAANDAG –** Toiletware en skoonmaakmiddels

**DINSDAG** – Blikkies kos

**WOENSDAG** – Pasta, rys, soppoeier, Cup 'n Soup en 2 min noodles

**DONDERDAG -** Komberse

# Pinkster 2025 - ‘n Reis met Nicea

| PINKSTER 15:00 & 18:00<br>KLEINKERK | KINDER PINKSTER<br>KERKGEBOU |
|---|---|
| **MAANDAG -** Ons is kinders van God die Vader<br><br>**DINSDAG -** Ons leef met hoop deur Jesus se kruis-liefde<br><br>**WOENSDAG -** Ons wag op Jesus se wederkoms en sy ewige Koninkryk<br><br>**DONDERDAG -** Ons is deel van een kerk wêreldwyd | **Maandag –** Storie vertel (Gerhard)<br>**Dinsdag –** Kuns (Mienke)<br>**Woensdag –** Bybel games speel (Lehandri)<br>**Donderdag –** Fliek: Prince of Egypt (Wikus)<br><br>**Bring ‘n kombersie en kussing saam om op te sit.** |

### DIE BELYDENIS VAN NICEA

Ons glo in een God, die almagtige Vader, die
Skepper van hemel en aarde,
van alle sienlike en onsienlike dinge;

en in een Heer, Jesus Christus, die eniggebore Seun van God,
gebore uit die Vader voor alle tye;
(God uit God) Lig uit Lig, waaragtige
God uit waaragtige God, verwek, nie
gemaak nie,
een in wese met die Vader;

deur wie alle dinge ontstaan het; wat ter
wille van ons, die mens,
en ter wille van ons saligheid, neergedaal het uit die hemel, vlees
geword het deur die Heilige Gees uit die maagd Maria, en mens
geword het, wat selfs vir ons gekruisig is onder Pontius Pilatus, gely
het en begrawe is;
en op die derde dag opgestaan het volgens die Skrifte; wat
opgevaar het na die hemel,
en wat sit aan die regterhand van die Vader;

wat weer sal kom met heerlikheid om te oordeel die wat nog lewe en die
wat reeds gesterf het,
wie se koningsheerskappy geen einde sal hê nie;

en in die Heilige Gees, die Heer en Lewendmaker, wat
van die Vader en die Seun uitgaan,
wat saam met die Vader en die Seun aanbid en verheerlik moet word, wat
gespreek het deur die heilige profete.

Ons glo aan een heilige, algemene kerk,
gegrond op die leer van die apostels.

Ons bely een doop tot vergifnis van sondes; ons
verwag die opstanding van die ontslapenes, en die
lewe van die toekomstige eeu.

Amen.

**KERMIS 24 SEPTEMBER 2025**

**BESTANDDELE BENODIG**

Nie-bederfbare produkte kan solank by die Kerkkantoor afgelewer word.

| | | LEKKERS:- | |
|---|---|---|---|
| Appelkooskonfyt | 2 blikke | • Cadbury Tumbles Raisins | 4 pakkies |
| Asyn (bruin) | 2 bottels | • Gemengde lekkers | 13 pakke |
| Bakmargarien | 15 kg | • Jellie lekker | 6 pakke |
| Bakmargarien – Stork | 6 kg | • Malvalekkers groot | 14 pakke |
| Baksjokolade (Bruin) | 5 kg | • Cadbury Tumbles Raisins | 4 pakkies |
| Baksjokolade (Wit) | 4 kg | • Malvalekkers klein | 7 pakke |
| Bakpoeier | 7 kg | • Peppermint Crisp | 16 |
| Blatjang 750ml bottel<br>Blatjang 1.5kg | 10 bottels<br>8 bottels | • Smarties | 10 groot |
| Borrie | 1kg | • Suurwums | 10 pakke |
| Botter | 1kg | • Toffies | 8 pakke |
| Bruismeel | 15kg | • Vrugtelekkers (klein) | 6 pakke |
| Bruinsuiker | 4kg | | |
| Caramel Treat | 24 blikkies | Margarien (smeer) | 2 kg |
| Cremora | 1kg | Mariebeskuitjies | 20 pakkies |
| Crush pynappel | 5 blikke | Mieliemeel | 12kg |
| Fruit Cocktail | 11 blikke | Oreo Koekies | 8 pakke |
| Granadella mousse | 8 blikkies | Orley whip | 6 botteltjies |
| Ideal melk | 12 blikkies | Rice Krispies | 6 pakke |
| Jellie | 36 pakkies | Roomys horingkies (klein) | 3 pakke |
| Kakao | 1,5 kg | Rys | 25 kg |
| Kaneel | 1 kg | Sago | 4 pakkies |
| Kerrie Matig | 1 kg | Snowflake muffin mix (Sjokolade) | 3 pakkies |
| Kitspoeding | 12 pakkies | Snowflake muffin mix (Vanilla) | 3 pakkies |
| Klapper | 12 kg | Soutvleis (Beef) | 3 blikkies |
| Klein pakkies chips | 96 | Sout | 500 g |
| Koekmeel | 107.5kg | Springmielies (Pitte) | 4 pakkies |
| Kondensmelk | 76 blikkies | Strooisuiker | 13 kg |
| Kookolie | 16 liter | Suiker | 65 kg |
| | | Suurlemoensap | 6l |
| **BEDERFBARE PRODUKTE:-** | | Tamatiesmoor | 30 blikkies |
| Appels | 5 Sakkies | | |
| Bacon | 1kg | Tamatiesous | 2 bottels |
| Cheddar kaas | 1.5kg | Tamatiesop (pakkies) | 10 pakkies |
| Eiers | 29 dosyn | Tennisbeskuitjies | 28 pakkies |
| Gemengde gevriesde groente (blokkies) | 10kg | Vanilla essence | 2 bottels |
| Jogurt – granadilla | 2 x 250ml | Versiersuiker | 18 kg |
| Room (vars) | 500 ml | Vla (1 liter houers) | 25 |
| Uie | 20 | | |



**KONTANT BYDRAES IS OOK BAIE WELKOM**